

DIE OOSTERLING ONDER 'N WESTERSE ONDERWYSTELSEL.⁵DIE TEENSWOORDIGE TOESTAND IN TRANSVAAL:
ONDERWYSERS EN LEERLINGE.

(Die resultate van die antwoorde op afdeling A en B
van die vrae-lyste.)

1. INLEIDING:

Natal het twee aparte groepe skole, nl. een net vir Indiërs en een net vir Kleurlinge. Die Kaapprovinsie het net Kleurlingskole. Indiërkinders woon ook hierdie skole by. In Transvaal bestaan daar behalwe suiwer Indiërskole, ook skole wat bekend is as Indiër- en Kleurlingskole. Hull is Kleurlingskole wat ook deur Indiërkinders besoek word in areas waar daar nie suiwer Indiërskole is nie. In hier-⁽¹⁾ die opsig is hierdie skole dus gemengde skole.

'n Deeglike ondersoek van die teenwoordige toestand van Indiër-onderwys in Transvaal behoort dus lig te werp op albei die stelsels van onderwys, nl. die stelsel van suiwer Indiërskole en die stelsel van gemengde Indiër- en Kleurlingskole. Ook was dit nodig om die wenslikheid al dan nie van die saam-skoolgaan van Indiër- en Kleurlingkinders nader te ondersoek. Die meeste besonderhede in verband met hierdie deel van die studie kon alleen van die skole self verkry word en met hierdie doel voor oë is vraelyste aan die verskillende skole in Transvaal gestuur. Een vraelys (Bylae I) is aan die suiwer Indiërskole gestuur en 'n tweede (Bylae II) is aan die gemengde Indiër- en Kleurlingskole. Gegewens in verband met Indiërkinders in gemengde skole kon ook nie anders verkry word nie. Waar die vraelyste ooreenkom word die antwoorde saam behandel.

Vraelys A is aan die 14 suiwer Indiërskole gestuur, en 12 (d.i. 85.7%) het die vrae be-antwoord. Vraelys B

(1) The National bureau of Educational and Social Research: Bulletin of educational statistics for the Union of S.A., 1939; 15.

is aan die 50 Indiër- en Kleurlingskole gestuur en 45 (d.i. 90%) het die vrae be-antwoord. Van die 5 skole waarvan geen antwoorde ontvang is nie, is daar maar een wat moontlik ook Indiërleerlinge kan hê, nl. die een te Lichtenburg en hier was in 1938 net 29 Indiërkinders. Van die 45 Kleurlingskole, wat die vrae be-antwoord het, was daar net 34 wat wel Indiërleerlinge gehad het, Die res was suiwer Kleurlingskole.

2. ONDERWYSERS.

(Afdeling A van albei vraelyste).

- a. Kwalifikasies van al die onderwysers in die suiwer Indiërskole wat die vraelys be-antwoord het.

(i) Akademie se kwalifikasies.

Die volgende tabel gee 'n opsomming van die akademiese kwalifikasies van alle onderwysers in die Indiërskole wat die vraelys be-antwoord het:

TABEL 101.

Akademie se kwalifikasies van alle onderwysers in Indiërskole, 1940. (Transvaal):

LL.D	B.A.III	B.A.II	B.A.I	Std X	VIII	VII	VI	Totaal
1	6	3	7	13	15	5	22	72.

Twee-en-twintig uit die 72 onderwysers het maar standaard VI (d.i. 30.5%). Die hoogste kwalifikasies word deur blankes gehou.

(ii) Professione le kwalifikasies.

Die volgende tabel gee 'n opsomming van die professionele kwalifikasies van al die onderwysers in die Indiërskole wat die vraelys be-antwoord het:

TABEL 102.

Professione le kwalifikasies van alle onderwysers in Indiërskole, 1940 (Transvaal)

I en K.O.S Tvl.	C.P.H.	C.P.L.3	Natal Senior	Natal Junior	Natal T3	Natal T4	Onopgelei
13	1	21	1	1	1	1	6

By die voorgaande tabel moet nog die volgende gevoeg word; Veertien onderwysers met H.O.D., T.O.D., of O2, elf met O3 en twee met Laer Primêr. Ses onderwysers is on-opgelei en 25 van die res het baie lae kwalifikasies. Hulle is diegenes met kwalifikasies vanaf die Kaapse Laer-primêr (Kleurling) derde klas tot die Natalse T4. 43% van die onderwysers se professionele kwalifikasies is dus besonder laag.

- b. Kwalifikasies van die Indiëronderwysers in die Indiër- en gemengde skole wat die vraelyste beantwoord het.

(i) Akademiese kwalifikasies.

Die volgende is die akademiese kwalifikasies van al die Indiëronderwysers in die skole wat die vraelyste beantwoord het:

TABEL 103.

Akademiese kwalifikasies van alle Indiëronderwysers, 1940 (Transvaal).

	B.A.I	Std X	VIII	VII	VI	Totaal.
Indiërskole	2	7	9	3	8	29
Gemengde skole	-	2	3	2	1	8

Ongeveer 25% van die Indiëronderwysers het dus maar standaard VI. Dieselfde persentasie het egter ook standaard X.

(ii) Professionele kwalifikasies.

Die volgende is die professionele kwalifikasies van al die Indiëronderwysers in Indiër- en gemengde skole:

TABEL 104.

Professionele kwalifikasies van alle Indiëronderwysers, 1940. (Transvaal).

K.en I.O.S	C.P.L. 3	C.P.H Natal T3	Natal T4	Natal Senior	Natal Junior	Totaal	
9	7	1	1	1	1	20	Indiër skole Gemengde skole
2	1	1	1	-	1	6	

By hierdie tabel moet nog gevoeg word 4 onderwysers

met sertificate is 31. Ses onderwysers is onopgelei. Een van hierdie 6 is in 'n gemengde skool. Elf van die 31 wat sertificate het is in Transvaal opgelei. Hulle besit die Kleurling- en Indiëronderwys^{er}sertifikaat (K. en I.O.S).

(c) Kwalifikasies van Kleurlingonderwysers in Indiërskole. 1940. (Transvaal).

(i) Akademiese kwalifikasies.

Die volgende is die akademiese kwalifikasies van die Kleurlingonderwysers wat in die Indiërskole onderwys gee wat die vraelys be-antwoord het:

TABEL 105.

Akademiese kwalifikasies van Kleurlingonderwysers in Indiërskole, 1940. (Transvaal)

Std X	VIII	VI	Totaal.
I	5	14	20.

Veertien uit die 20 het net standard VI. (d.i. 70%)

(ii) Professionele kwalifikasies.

Die volgende is die professionele kwalifikasies van die Kleurlingonderwysers in die Indiërskole wat die vraelys be-antwoord het:

TABEL 106.

Professionele kwalifikasies van Kleurlingonderwysers in Indiërskole, 1940. (Transvaal)

K. en I.O.S	C.P.H.	C.P.L. 3	Onopgelei	Totaal.
4	2	13	1	20

Dertien uit die 19 opgeleide onderwysers (d.i. 65%) is in besit van die laagste sertifikaat.

(d) Kwalifikasies van blanke onderwysers in Indiërskole.

(i) Akademiese kwalifikasies.

Die volgende is die akademiese kwalifikasies van die blanke onderwysers in die Indiërskole wat die vraelys be-antwoord het:

267.
TABEL 107.

Akademie se kwalifikasies van blanke onderwysers in
Indiërskole, 1940. (Transvaal)

LL.D.	B.A.III	B.A.II	B.A.I	Std X	VIII	VII	Totaal.
1	6	3	5	5	1	2	23.

Dit blyk uit die antwoorde dat die blanke onderwysers met die laagste kwalifikasies, deeltydse vakonderwysers is.

(ii) Professionele kwalifikasies.

Die volgende is die professionele kwalifikasies van die blanke onderwysers in die Indiërskole wat die vraelys be-antwoord het:

TABEL 108.

Professionele kwalifikasies van blanke onderwysers in
Indiërskole, 1940. (Transvaal).

H.O.D.	T.O.D.	02	03	Laer Primêr	Totaal.
1	1	11	8	2	23

Die blanke onderwysers is dus almal opgelei.

e. Onderwysers en die offisiële tale:

In byna al die skole is Engels die voertaal. Dit is egter ook nodig dat die onderwysers Afrikaans sal ken. Die volgende tabel toon die onderwysers se kennis van die offisiële tale. Dit is al die onderwysers in die Indiërskole wat die vraelys be-antwoord het:

TABEL 109.

Onderwysers se kennis van die offisiële tale, 1940. (Tvl)

Ken net Engels.	Ken Afrikaans en Engels.	Totaal.
7	65	72

Ses Indiërs en 1 blanke ken net Engels. Van die onderwysers is 65 (d.i.90.3%), reeds tweetalig wat die offisiële tale betref. Van die Indiëronderwysers in gemengde skole ken 3 net Engels en die res albei die offisiële tale.

f. Onderwysers en hulle huistaal:

Die volgende tabel klassifiseer al die onderwysers in die Indiërskole wat die vraelys be-antwoord het, volgens hulle huistaal:

TABEL 110.

Die huistaal van al die onderwysers in die Indiërskole en die Indiëronderwysers in gemengde skole, 1940. (Tvl)

	Neder-lands.	Duits	Eng	Afr	Guje-rati.	Tamil	Hindoe-stani	Indiër-taal.
Indiër-skole.	2	1	27	20	5	13	3	1
Gemengde skole	-	-	3	1	-	4	-	-

Die huistaal van 12 Kleurlinge en 8 Indiërs is Engels. Die huistaal van 8 Kleurlinge en 3 Indiërs is Afrikaans. Meer as die helfte van diegene wie se huistaal 'n Indiër-taal is, is Tamilsprekend.

g. Onderwysers en hulle geboorteplekke.

Die volgende tabel klassifiseer alle onderwysers in Indiërskole volgens hulle geboorteplekke. Die geboorteplekke van Indiëronderwysers in gemengde skole word ook gegee:

TABEL 111.

Geboorteplekke van alle onderwysers in Indiërskole en Indiëronderwysers in gemengde skole, 1940. (Tvl)

	Holland	S.A.	Natal	K.P.	Tvl	Indië	Engeland.
Indiër-skole.	2	19	7	15	22	6	1
Gemengde skole.	-	-	4	2	2	-	-

Vyf Indiërs is in Suid-Afrika gebore. Almal wat in Natal gebore is, is Indiërs. Veertien Kleurlinge en 3 Indiërs is in die Kaapprovinsie gebore. Twaalf Indiërs en 9 Kleurlinge is in Transvaal gebore. Net 6 Indiërs is in Indië gebore.

h. Kwalifikasies in Indië verwerf.

Die volgende tabel toon die aantal onderwysers wat sekere kwalifikasies in Indië verwerf het:

TABEL 112.

Kwalifikasies deur onderwysers in Indië verwerf, 1940. (Transvaal)

"Indian Intermediate Arts!" (2 jaar na matriek)	Dr. in teologie maar matriek gedruip.	Matriek.
1	1	2

Daar dien op gelet te word dat die doktersgraad in

die teologie in die privaat godsdiensskool in Indië verwerf is. Die standaard blyk ook baie laag te wees.

(i) Vaste- en tydelike aanstellings.

Die volgende tabel groepeer die onderwysers volgens die aard van hulle aanstellings. Dit sluit in al die onderwysers in die Indiërskole en die Indiëronderwysers in gemengde skole:

TABEL 113.

Vaste- en tydelike aanstellings, 1940. (Transvaal).

	Vaste aanstellings	Tydelike aanstellings.
Indiërskole	62	10
Gemengde skole.	5	3

Van die 80 onderwysers is 16.3% tydelik aangestel. (d.i.13). Twaalf van hierdie tydelike onderwysers het in die grade onderwys gegee. Die grade behoort nie aan tydelike onderwysers toevertrou te word nie.

j. Kwalifikasies en verantwoordelikhede.

(i) Akademie se kwalifikasies en verantwoordelikhede.

Die volgende tabel toon die akademiese kwalifikasies van die verskillende onderwysers asook die klasse waarin hulle onderwys gegee het:

TABEL 114.

Akademie se kwalifikasies van die onderwysers en die klasse waarin hulle onderwys gegee het, 1940. (Transvaal)

	LL.D	B.A.III	B.A.II	B.A.I	Std X	VIII	VII	VI	Totaal
Std VI	-	2	-	-	5	1	-	2	10
" V	-	2	I	I	4	2	-	2	12
" IV	I	I	-	1	5	1	1	2	12
" III	-	-	1	1	3	3	2	5	15
" II	-	1	1	-	5	3	1	4	15
" I	-	1	1	2	-	6	2	3	15
Graad II	-	1	-	3	-	4	1	6	15
" I	-	-	1	2	2	5	-	6	16
Totaal	1	8	5	10	24	25	7	30	110

Hierdie tabel moet soos volg gelees word: In 2 gevalle het standaard VI onderwys ontvang van onderwysers

met B.A. grade. In vyf gevalle het die onderwysers matriek gehad, in een geval standerd VIII en in twee gevalle standerd VI.

In 12 gevalle het die grade ook onderwysers wat net standerd VI het. Dit is te betwyfel of onderwysers met die swakste akademiese kwalifikasies 'n goeie fondament in die grade kan lê.

(ii) Professionele kwalifikasies en verantwoordelikhede.

Die volgende tabel toon die professionele kwalifikasies van die verskillende onderwysers, asook die klasse waarin hulle onderwys gegee het:

TABEL 115.

Professionele kwalifikasies van die onderwysers en die klasse waarin hulle onderwys gegee het, 1940. (Transvaal)

	H.O.D. T.O.D. 02	03	Laer Primêr	K.en I.O.S	C.P.L. 3	Natal T3 C.P.H.	Natal T4	Onop- gelei
Std VI	3	2	-	2	-	1	-	2
" V	4	2	1	3	-	-	-	2
" IV	3	2	1	2	2	-	-	2
" III	1	4	-	2	5	-	1	2
" II	2	4	-	1	3	1	-	4
" I	3	-	-	3	4	-	1	2
Graad II	1	2	1	2	7	-	-	2
" I	1	2	1	1	8	-	-	3
Totaal	18	18	4	16	29	2	2	19

Twee verdere onderwysers het ook in standerd I onderwys gegee. Die een het die Natalse Senior en die ander die Natalse Juniorsertifikaat vir onderwysers besit. Hierdie tabel moet soos volg gelees word: In 3 gevalle het standerd VI onderwys ontvang van onderwysers wat H.O.D., T.O.D. of 02 besit het. In 2 gevalle het die onderwysers 03 besit, in 2 gevalle was dit die Kleurling- en Indiër- onderwyserssertifikaat en so verder.

Hier blyk dit ook dat die grade in die meeste gevalle onderwys ontvang het van die onderwysers met die swakste professionele kwalifikasies. (d.i., C.P.L.3). In vyf

ontvang. Waar die skoolleef tyd van die Indiër so kort is, moet baie meer aandag aan die onderwys in die grade gegee word.

k. Onderwysers en hulle ervaring.

Die volgende tabel klassifiseer die onderwysers volgens die aantal jare van hulle onderwyservaring:

TABEL 116.

Onderwysers en hulle onderwyservaring, 1940. (Transvaal)

	Onder 1 jr.	1 jr	2 jr	3 jr	4 jr	5 jr	6-10 jr	Meer as 10 jr.
Indiër-skole	7	1	6	3	4	9	15	27
Gemengde skole	1	-	1	1	-	2	1	2

Vier van die 8 onderwysers wat minder as 1 jaar ervaring gehad het, het in die grade onderwys gegee. Drie ander was vir standaard I verantwoordelik. Ses van hulle het 40 en meer leerlinge in die klas gehad. Hier is die laagste klasse dus ook weer die proefveld van die jong onervare onderwyser. Opmerklik is die groot aantal onderwysers wat meer as 10 jaar ervaring het. Hulle is 29 uit 80. (d.i. 36.3%)

(1) Onderwysers en die grootte van hulle klasse.

Die volgende tabel toon die aantal leerlinge wat in die verskillende klasse was:

TABEL 117.

Aantal leerlinge in die verskillende klasse, 1940. (Tvl)

	20-25	26-30	31-35	36-40	41-45	46-50	51-56.
Graad I	-	-	3	3	-	-	1
" II	-	1	-	2	2	1	-
Std I	-	-	3	4	2	-	-
" II	-	2	4	3	1	-	-
" III	-	-	2	2	2	-	-
" IV	1	2	-	2	-	1	-
" V	1	1	-	1	-	-	-
" VI	-	1	-	-	1	-	-
Totaal	2	7	12	17	8	2	1

Hierdie tabel moet soos volg gelees word: Drie graad

I-klasse het van 31-35 leerlinge gehad, drie van 36-40 en een van 51-56 leerlinge. Die meeste klasse het van 36-40 leerlinge gehad en die tweede meeste van 31-35 leerlinge.

As 'n klas meer as 40 leerlinge het dan word dit heeltemal te groot vir goeie onderwys. Hier is 11 klasse wat meer as 40 leerlinge het en vier van hierdie klasse is gradeklasse. Die meeste leerlinge in 'n klas is 56.

Hierdie tabel sluit egter nie die klein skooltjies in waar die groepstelsel toegepas word nie. So is daar tweemanskole waar die een onderwyser standerds II tot VI het en die ander een die grade en standerd I. Daar is ook 'n eenonderwyserskool met 45 leerlinge. Die hoogste klas hier is standerd VI. 'n Paar skole het ook 'n beginners-klas voor graad I.

'n Een-onderwyserskool behoort nie verder as standerd II te gaan nie, en 'n twee-onderwyserskool nie verder as standerd IV nie.

3. LEERLINGE.

(Afdeling B van vraelyste A en B).

a. Aantal leerlinge op skool.

Die volgende was die inskrywing:

Aantal leerlinge in die 12 Indiërskole wat die vraelys be-antwoord het.....	2475
Aantal Indiërleerlinge in gemengde skole.....	1693
Totaal	4168

Aantal leerlinge in die twee Indiërskole wat nie die vraelys be-antwoord het nie.....	604
Groot Totaal	4772

Die sensus van 1936 het getoon dat daar 6104 (1) Indiërkinders van skoolgaande ouderdom was. In 1940 was daar in alle Indiërskole 3079 leerlinge en in gemengde skole 1693 leerlinge. Saam is dit 4772 leerlinge. As ons in aanmerking neem dat die aantal Indiërkinders van skoolgaande ouderdom sedert 1936 aanmerklik vermeerder het, dan moes daar nog ongeveer 2000 Indiërkinders van skoolgaande ouderdom nie op skool gewees het nie.

(1) The Transvaal Indian Congress: Statement. 24.11.37; 3.

Die aantal Indiërskole kan volgens hulle inskrywing, soos volg geklassifiseer word:

TABEL 118.

Klassifikasie van Indiërskole, 1940. (Tvl)					
PI (Spesiaal) Bo 400 leerlinge	PII 201-300	PIII 101-200	IVA 51-100	IVB Onder 50	Totaal
4	1	3	2	4	14

Hierdie tabel sluit die twee skole ook in wat nie die vraelys be-antwoord het nie. Die een is 'n klas PI (spesiaal) en die ander een 'n klas IVA. Drie van die grootse skole is in Johannesburg en die ander een is in Pretoria. Die IVA en IVB-skole is in die plattelandse dorpe.

b. Klassifikasie van die Indiërléerlinge volgens ouderdom en standerd.

(i) (a) Seuns in Indiërskole.

Die volgende tabel klassifiseer die Indiërseuns volgens ouderdom en standerd:

TABEL 119.

Seuns in Indiërskole volgens ouderdom en standerd geklassifiseer, 1940. (Tvl)

	Graad I	II	Std I	II	III	IV	V	VI	Totaal
6-7 jaar	39	1	-	-	-	-	-	-	40
7-8 "	64	20	2	-	-	-	-	-	86
8-9 "	56	55	20	3	-	-	-	-	134
9-10 "	34	45	59	33	2	-	-	-	173
10-11 "	16	25	57	64	15	1	-	-	178
11-12 "	9	9	30	41	26	8	1	-	124
12-13 "	1	7	29	39	44	27	7	3	157
13-14 "	1	2	19	28	42	31	16	9	148
14-15 "	2	-	19	17	21	30	28	17	134
15-16 "	-	1	5	9	16	19	27	13	90
16-17 "	-	-	2	1	8	10	13	5	39
17-18 "	-	-	-	1	2	2	3	5	13
18-19 "	-	-	-	-	-	1	-	3	4
19-20 "	-	-	-	-	-	-	-	1	1
	222	165	242	236	176	129	95	56	1321

Uit die voorafgaande tabel blyk dit dat hierdie Indiërseuns bo die normale ouderdom is vir hulle standers. Die meeste in standerd IV is van 13 tot 14 jaar oud; terwyl die gemiddelde vir blankes 12 jaar is. Alhoewel 64 in graad I van 7 tot 8 jaar oud is, is daar tog byna net soveel (d.i.56) wat van 8 tot 9 jaar oud is. Daar is 63 seuns in graad I wat selfs ouer as 9 jaar is.

(i) (b) Seuns in gemengde skole.

Die volgende tabel klassifiseer die seuns in gemengde skole volgens ouderdom en standerd:

TABEL 120.

Indiërseuns in gemengde skole volgens ouderdom en standerd geklassifiseer, 1940. (Tvl)

	Graad I	II	Std I	II	III	IV	V	VI	Totaal
Onder 6 jr.	I	-	-	-	-	-	-	-	1.
6-7 "	77	8	-	-	-	-	-	-	85
7-8 "	75	31	4	-	-	-	-	-	110
8-9 "	43	55	41	5	-	-	-	-	144
9-10 "	15	21	40	24	2	-	-	-	102
10-11 "	11	17	36	33	14	4	-	-	115
11-12 "	3	17	18	31	22	14	2	-	107
12-13 "	3	2	16	30	37	29	13	3	133
13-14 "	1	5	8	12	29	25	14	4	98
14-15 "	1	2	2	6	13	18	19	8	69
15-16 "	-	-	-	4	5	11	7	10	37
16-17 "	-	-	1	1	3	5	9	4	23
17-18 "	-	-	-	1	-	1	-	2	4
18-19 "	-	-	-	-	-	2	-	-	2
19-20 "	-	-	-	-	-	-	-	-	-
20-21 "	-	1	-	-	-	1	-	-	2
	230	159	166	147	125	110	64	31	1032

Die gemiddelde ouderdom van die seuns in gemengde skole is nader aan die normale ouderdom vir die verski-¹lende klasse as wat die geval is met die seuns in die suiwer Indiërskole. Hier is daar 77 in graad I wat tussen

6 en 7 jaar oud is. Vyf-en-sewentig is tussen 7 en 8 jaar oud. Die meeste in standerd IV is tussen 12 en 13 jaar. Vyf-en-twintig is tussen 13 en 14 jaar. Twee leerlinge in die gemengde skole is reeds 20 jaar oud. Die een is in graad II en die ander een in standerd IV.

(i) (b) Seuns in Indiër- en gemengde skole.

('n Samevatting van (i) (a) en (i) (b).).

Die volgende tabel klassifiseer alle Indiërseuns in die skole wat die vraelyste be-antwoord het volgens standerds en ouderdom:

TABEL 121.

Alle Indiërseuns volgens ouderdom en standerds geklassifiseer, 1940. (Transvaal)

	Graad I	II	Std I	II	III	IV	V	VI	Totaal
Onder 6 jaar	1	-	-	-	-	-	-	-	1
6- 7 "	116	9	-	-	-	-	-	-	125
7- 8 "	139	51	6	-	-	-	-	-	196
8- 9 "	99	110	61	8	-	-	-	-	278
9-10 "	49	66	99	57	4	-	-	-	275
10-11 "	27	42	93	97	29	5	-	-	293
11-12 "	12	26	48	72	48	22	3	3	231
12-13 "	4	9	45	69	81	56	20	6	290
13-14 "	2	7	27	40	71	56	30	13	246
14-15 "	3	2	21	23	34	48	47	25	203
15-16 "	-	1	5	13	21	30	34	23	127
16-17 "	-	-	3	2	11	15	22	9	62
17-18 "	-	-	-	2	2	3	3	7	17
18-19 "	-	-	-	-	-	3	-	3	6
19-20 "	-	-	-	-	-	-	-	1	1
20-21 "	-	1	-	-	-	1	-	-	2
	452	324	408	383	301	237	159	87	2353

Opmerklik is dit dat daar méer seuns in standerd I is as in graad II.

(ii) (a) Meisies in Indiërskole.

Die volgende tabel klassifiseer die meisies in Indiërskole volgens ouderdom en standerd:

TABEL 122.

Meisies in Indiërskole volgens ouderdom en standerd geklassifiseer, 1940. (Tvl)

	Graad I	II	Std I	II	III	IV	V	VI	Totaal
Onder 6 jr.	8	-	-	-	-	-	-	-	8
6- 7 "	45	6	-	-	-	-	-	-	51
7- 8 "	63	22	3	-	-	-	-	-	88
8- 9 "	31	36	15	5	-	-	-	-	87
9-10 "	4	18	22	14	4	1	-	-	63
10-11 "	5	10	34	27	7	3	2	-	88
11-12 "	1	5	15	18	9	4	1	-	53
12-13 "	-	2	6	10	9	4	-	2	33
13-14 "	-	1	-	2	3	8	3	2	19
14-15 "	-	-	-	-	2	2	1	1	6
15-16 "	-	-	-	-	1	2	-	1	4
	157	100	95	76	35	24	7	6	500

Die verspreiding volgens die ouderdomme verskil nie veel van die vir seuns nie. Hier is die gemiddelde ouderdom ook hoër as die normale. Opmerklik is die 8 leerlinge in Graad I wat onder 6 jaar is. Dit is teenstrydig met die regulasies. Die meisies verdwyn egter vinnig namate die ouderdom styg.

(ii) (b) Meisies in gemengde skole.

Die volgende tabel klassifiseer die Indiërmeisies in gemengde Indiër- en Kleurlingskole volgens standers en ouderdomme:

TABEL 123.

Indiërmeisies in gemengde skole volgens standerds en
ouderdomme ingedeel, 1940. (Tvl)

	Graad I	II	Std I	II	III	IV	V	VI	Totaal
Onder 6 jr.	2	-	-	-	-	-	-	-	2
6- 7 "	38	4	1	-	-	-	-	-	43
7- 8 "	54	35	5	-	-	-	-	-	94
8- 9 "	26	41	14	1	-	1	-	-	83
9-10 "	8	31	28	19	-	-	-	-	86
10-11 "	7	10	24	25	11	1	-	-	78
11-12 "	5	6	13	21	13	2	2	-	62
12-13 "	1	3	5	16	16	6	5	-	52
13-14 "	1	3	3	4	3	12	4	-	30
14-15 "	-	1	3	4	6	1	5	1	21
15-16 "	-	-	3	1	1	-	6	3	14
16-17 "	-	-	-	-	-	-	-	1	1
17-18 "	-	-	-	-	1	-	1	-	2
	142	134	99	91	51	23	23	5	568

Waar hier 276 uit 568 meisies in die grade is, (d.i. 48.7%), is in die suiwer Indiërskole 51.4% van die meisies in die grade. Dit blyk ook dat die meisies in die gemengde skole 'n bietje langer in die skool bly as in die suiwer Indiërskole, want in laasgenoemde is 2.6% van die meisies in standerds V en VI, terwyl 4.9% in gemengde skole in standerds V en VI is.

(ii) (c) Meisies in Indiër- en in gemengde skole.

('n Samevatting van (ii) (a) en (ii) (b).)

Die volgende tabel klassifiseer al die Indiërmeisies in die skole wat die vraelyste beantwoord het, volgens standerd en ouderdom:

TABEL 124.

Alle Indiërmeisies volgens ouderdom en standaard ingedeel,
1940. (Tvl)

	Graad I	II	Std I	II	III	IV	V	VI	Totaal
Onder 6 jr.	10	-	-	-	-	-	-	-	10
6- 7	83	10	1	-	-	-	-	-	94
7- 8	117	57	8	-	-	-	-	-	182
8- 9	57	77	29	6	-	1	-	-	170
9-10	12	49	50	33	4	1	-	-	149
10-11	12	20	58	52	18	4	2	-	166
11-12	6	11	28	39	22	6	3	-	115
12-13	1	5	11	26	25	10	5	2	85
13-14	1	4	3	6	6	20	7	2	49
14-15	-	-	3	4	8	3	6	2	27
15-16	-	-	3	1	2	2	6	4	18
16-17	-	-	-	-	-	-	-	1	1
17-18	-	-	-	-	1	-	1	-	2
	299	234	194	167	86	47	30	11	1068

(iii) 'n Opsomming van alle Indiërleerlinge volgens
standerds en geslag.

Die volgende tabel gee 'n opsomming van al die Indiër-
leerlinge in die verskillende standerds volgens geslag
ingedeel:

TABEL 125.

'n Samevatting van al die Indiërleerlinge volgens standaard
en geslag, 1940. (Tvl)

	Gr. I	II	Std I	II	III	IV	V	VI	Totaal.
Seuns in Indiërskole	222	165	242	236	176	129	95	56	1321
Seuns in gemengde skole	230	159	166	147	125	110	64	31	1032
Meisies in Indiërskole	157	100	95	76	35	24	7	6	500
Meisies in Gemengde skole.	142	134	99	91	51	23	23	5	568
	751	558	602	550	387	286	189	98	3421

(iv) Die persentasie seuns en meisies in die verskillende klasse:

Die volgende tabel gee die persentasie wat die seuns en meisies in die verskillende klasse van die totaal uitgemaak het:

TABEL 126.

Persentasie seuns en meisies in die verskillende standers, 1940. (Transvaal)

	Graad		Std	/					Totaal
	I	II	I	II	III	IV	V	VI	
Seuns	19.2	13.8	17.3	16.2	12.7	10.5	6.7	3.6	100
Meisies	28.0	21.9	18.2	15.6	8.0	4.4	2.9	1.0	100
Alle leerlinge	22.0	16.3	17.6	16.0	11.3	8.4	5.5	2.9	100

Waar daar 19.2% van die seuns in graad I is, is net 3.6% in standerd VI. Die posisie is egter baie ernstiger in die geval van die meisies. Van hulle is 28.0% in graad I en net 1.0% in standerd VI. Waar 33.0% van die seuns in die grade is, is 49.9% van die meisies in die grade. Byna die helfte van die meisies is dus in die twee laagste klasse.

As die persentasies vir al die leerlinge geneem word, dan is daar 38.3% in die grade. Dit toon dat die Indiërleerlinge geweldig uitsak op die pad na standerd VI. Vir 22.0% in graad I moet daar baie meer as 2.9% in standerd VI wees, as hierdie verspreiding die verspreiding in skole vir blankes wil benader.

As ons aanneem dat 'n leerling tenminste standerd IV moet voltooi om permanent geletterd te word, dan moet 'n groot aantal van die Indiërleerlinge nie daarin slaag, om met die onderwys wat hulle ontvang, geletterdes te word nie. Net 16.8% van die leerlinge is in standerd IV, V en VI.

(v) Leerlinge wat middelbare onderwys ontvang het.

Drie skole het in 1940 na-primêre onderwys verskaf waaruit Indiërleerlinge ook voordeel getrek het. Hulle was Pretoria-Indiër, Benoni-Kleurling en die Kleurling opleidingsentrum, Johannesburg. In Benoni was net 2 Indiërseuns in standerd VII en 2 in standerd VIII.

Die volgende was die inskrywing vir Benoni en die opleidingsentrum. Omdat die normaalstudente ook akademiese werk doen word hulle ook ingesluit. Net die Indiërleerlinge word gegee. Die voertaal word ook genoem:

TABEL 127.

Indiërleerlinge wat na-primêre werk gedoen het in die Benoni-kleurling en die Kleurling opleidingsentrum, 1940.
(Transvaal)

	Seuns	Meisies	Voertaal	Totaal
Vorm I	5	4	Eng. en Afr.	9
" II	36	2	" "	38
" III	21	3	Engels	24
" IV	9	-	"	9
" V	4	2	"	6
Totaal	75	11		86
Normaal I	6	-	Eng. en Afr.	6
Normaal II	1	-	" "	1
Totaal	7	-		7

Die pleidooi vir 'n aparte middelbare skool vir Indiërs in Johannesburg blyk dus volgens die getalle geregverdig te wees; veral daar so'n inrigting die standaard VI leerlinge van die oorvol laerskole ook kan inneem.

Waar Engels en Afrikaans die voertale is, beteken dit dat sekere klasse alleen deur Engels onderwys ontvang, terwyl in ander klasse Engels vir sekere vakke en Afrikaans weer vir ander vakke as voertaal gebesig word.

Daar is maar min Indiërmeisies wat van middelbare onderwys gebruik maak. Net 2 was in Vorm V. Daar was geen Indiërmeisies in die normaalklasse nie. Daar was net 7 mans wat die onderwysers-kursus gevolg het. Dit blyk dus dat dit nog lank sal neem voordat die Indiërs hulle onderwys van hulle eie opgeleide onderwysers (esse) kan ontvang.

Van die 7 normaalstudente was 4 Tamil-sprekend, 2 Engels- en 1 Afrikaanssprekend. Drie het aan die Hindigodsdiens behoort, 2 was Anglikane en 2 Rooms-katolieke.

(c) Klassifikasie van die Indiërleerlinge volgens godsdienste.

Die Indiër se godsdienste beheer sy hele lewe en het nog altyd baie groot invloed op die onderwys gehad. As ons die onderwys beter wil verstaan is dit dus nodig om te weet watter godsdienste deur die leerlinge verteenwoordig word.

Die volgende tabel gee al die leerlinge in die skole wat die vraelyste beantwoord het, volgens godsdienste ingedeel:

TABEL 128.

Alle Indiërleerlinge volgens godsdienste ingedeel, 1940.
(Transvaal)

	Mohammedane.	Hindoes	Boeddhistes	Parseeë	Confuciaans	Rooms-katolieke	Christene (Protestante)	Ander
Indiër-skole	1052	960	-	1	10	13	37	205
Gemengde skole	817	567	18	2	3	60	48	59
	1869	1527	18	3	13	73	85	264

Uit hierdie tabel blyk dit dat 48.5% van die leerlinge Mohammedane en 39.6% Hindoes is.

Die Hindoe se godsdienste bestaan uit gewoontelike reëls wat sy daelikse lewe beheers. Dit beheer die voedsel wat hy eet, die klere wat hy dra, die dinge wat hy aanraak. Dit is nie gegrond op beginsel nie, maar op gewoonte, (1) geboorte en status.

Die godsdienstige basis van die Hindoeïsme openbaar hom ⁱⁿ twee instellings waarvan die opvoedkundige betekenis nie onderskat mag word nie:

(i) Die kaste-, klasse- of standestelsel: Die klasstelsel bestaan daarin dat die regte en pligte wat jou lewe gaan beheers, afhang van die klas waarin jy gebore is. Die geboorte bepaal ook die sfeer waarin jy geestelik moet funksioneer. Oorgang van die een klas na 'n hoër een is die vergoeding van "dharma" en geskied volgens hulle geloof (2) deur transmigrasie eers in die volgende lewe.

(1) Mayhew: The Education of India: 7.

Van hierdie stande bestaan daar al 'n groot aantal waarvan die hoëres op die laeres neersien. Nuwe klasse word nog altyd gevorm en klasreels aangeneem. Die fundamentele gees bly egter dieselfde.⁽¹⁾ In 1933 was daar reeds meer as 2000 sulke stande in Indië.⁽²⁾

(ii) Die gemeenskaplike familiestelsel: Dit bestaan uit drie of vier geslagte. Buite hierdie familiegroep waarvan die grootmoeder en grootvader die hoofde is, bestaan daar geen regte vir die indiwidu nie. Geen kennis by die junior-lid het dus enige waarde nie.⁽²⁾

Hierdie gemeenskaplike familiestelsel bied vandag nog teenstand teen die opvoeding, omdat hulle hul kinders as hul nog jonk is met mekaar in die huwelik verbind en so die meisies verhoed om skool te gaan. Daar kan dus nie moeders opgevoed word wat in hulle eie huise 'n opvoedende krag kan wees nie.

Die opvoedkundige inrigtings wat daar bestaan word deur die Hindoe aangeneem, maar dit raak nie die innerlike wese, die skema van absolute waardes wat die gemeenskap betekenissvol maak nie.⁽⁴⁾

Hierdie struikelblokke in die weg van die opvoeding is in Suid-Afrika nie so in die ooglopend as in Indië nie; maar selfs daar word hulle ook langsaam verwyder.⁽⁵⁾

Die Mohammedaanse geloof het veral twee kenmerke:

(i) Die verbinding van "a short and simple creed that makes little demand on the intellect with a definite ritual that constantly manifests the creed in the outward life of the believer and becomes inextricably interwoven with the routine of his daily life".⁽⁶⁾

(1) Trood: The Religions of Mankind; 55-58.

(2) Fawcett: A Political Geography of the British Empire; 235.

(3) Mayhew: The Education of India; 44.

(4) t.a.p.: 43.

(5) Indian statutory commission: Interim Report; 30.

(6) Mayhew: The Education of India; 46.

(ii) Die bekering van ongelowiges: Dit word by hulle soos (1) by die Christene verhef tot die rang van 'n heilige plig.

Omdat die Mohammedaanse godsdiens van sy onderdane eers 'n periode van godsdienstige studie vereis, voordat met die wêreldlike onderrig begin word, is dit vanselfsprekend dat die Hindoe ver voor die Mohammedaan is wat sy opvoeding betref.

(d) Klassifikasie van die Indiërleerlinge volgens huistaal

Die volgende tabel gee al die Indiërleerlinge volgens huistaal ingedeel:-

TABEL 129.

Alle Indiërleerlinge volgens huistaal ingedeel, 1940. (Tvl)

	Tele- gu.	Guje- rati.	Ta- mil	Hin- di.	Ur- doe.	Me- mon.	Afri.	Eng.	Ander.
Indiër- skole	17	515	705	64	102	27	67	40	10
Gemengde skole	7	716	379	158	83	131	26	23	8
Totaal	24	1231	1084	222	185	158	93	63	18

Alhoewel die oorgrote meerderheid Gujerati- en Tamil-sprekend is (Gujerati 40% en Tamil 35.2%), kan die ander groepe tog nie buite rekening gelaat word nie as daar moet oorgegaan word na moedertaal-onderwys. Dit is geen uitsondering om te vind dat vyf verskillende Indiërtale deur die leerlinge van dieselfde skool gepraat word nie. Die baie tale was dan ook deurgaans die groot struikelblok wanneer oor moedertaal-medium besluit moes word.

Daar was reeds 93 Afrikaans- en 63 Engelssprekendes.

(e) Gebreke onder Indiërleerlinge.

(i) Liggaamlike gebreke.

Die volgende tabel gee 'n opsomming van die aantal leerlinge met liggaamlike gebreke, in die skole wat die vraelyste be-antwoord het:

(1) Mayhew: The Education of India; 46.

TABEL 130.

Indiërleerlinge met liggaamlike gebreke, 1940. (Tvl)

	Links	Lig- gaam	Been	Voet	Arm	Hoof	Spraak	Totaal.
Indiër- skole	43	3	15	4	3	1	29	98
Gemengde skole	49	-	3	1	2	-	19	74
Totaal	92	3	18	5	5	1	48	172

Linksheid en spraaksteurings is die twee hoof gebreke. Die totaal met liggaamsgebreke (nl. 172), is ongeveer 7% van die leerlinge.

Die meeste leerlinge met spraakgebreke is hakkelaars. Die liggaamlike gebreke blyk veral die resultaat te wees van gewoontes van ondertrouing. Daar is ook nog heelwat leerlinge wat ooggebreke het. Hierdie gebreke het 'n nadelige invloed op die vordering op skool.

(ii) Verstandelik-vertraagdes-, armes en ondervoedes.

Die volgende tabel gee 'n opsomming van die aantal leerlinge wat verstandelik-vertraag, arm of ondervoed is:

TABEL 131.

Verstandelik-vertraagde-, arm of ondervoede leerlinge, 1940. (Transvaal)

	Verstandelik- vertraagdes.	Armes.	Ondervoedes.	Totaal.
Indiërskole	40	553	37	630
Gemengde skole	35	150	112	297
Totaal	75	703	149	927

'n Totaal van 703 (d.i. oor die 20%) van die leerlinge is arm; en ons kan dus aanneem dat die aantal ondervoedes heelwat meer is as wat aangegee is.

As ons die totaal van die vorige tabel (nl. 172) by die totaal van hierdie tabel voeg (nl. 927), dan vind ons dat 1099 Indiërleerlinge op die een of ander wyse gesteur word wat hulle normale vordering op skool betref. Hierdie totaal is meer as 'n derde van die totale aantal Indiërleerlinge.

(iii) Skoolvoeding.

Die volgende tabel gee die aantal gevalle waar sekere voedselsoorte verskaf is:

TABEL 132.

Aantal skole wat sekere voedselsoorte verskaf het, 1940
(Transvaal)

	Geen	Melk	Kaas	Soep	Brood, botter, konfyt.	Totaal.
Indiërskole	-	2	3	1	1	7
Gemengde skole	8	6	8	5	2	29
	8	8	11	6	3	36

Daar is ook skole wat gemeld het dat hulle voed, maar wat geen omskrywing van die voeding gegee het nie. Daar is ook een geval waar kakao en 'n ander waar vrugte gegee is.

Alhoewel daar 'n aantal skole is wat net melk of net kaas verskaf het, het die meeste meer as een voedselsoort aangebied. bv. soep en kaas, melk en soep, kaas soep en brood. Daar is ook 'n paar skole wat gemeld het dat hulle net gedurende die Winter voed.

Alhoewel net 8 gemengde skole gesê het dat hulle geen voeding verskaf nie, blyk dit tog uit die antwoorde dat daar heelwat meer skole is wat geen voeding verskaf nie. Die feit bly dat daar maar baie min aan skoolvoeding gedoen word, veral in die suiwer Indiërskole. Die posisie word nog erger uit die verslae van 'n aantal gemengde skole. Hulle meld naamlik, dat alhoewel soep en kaas aangebied word, die Indiërkinders nie deelneem aan die voeding nie.

(f) Indiërleerlinge en Indië.(i) Aantal leerlinge in Indië gebore en die aantal wat daar onderwys ontvang het.

Die volgende tabel gee die aantal leerlinge wat in Indië gebore is en die aantal wat 'n mate van onderwys daar ontvang het:

TABEL 133.

Aantal leerlinge in Indië gebore en die aantal hiervan wat daar onderwys ontvang het, 1940. (Transvaal).

	Aantal in Indië gebore.	Aantal wat in Indië Onderwys ontvang het.	
Indiërskole	359	49	
Gemengde skole	169	74	
Totaal	528	123	

Van die 528 wat in Indië gebore is, het 123 daar 'n mate van onderwys ontvang. Die aantal in Indië gebore is ongeveer een-sesde van die aantal Indiërkinders op skool. (d.i. 17.1%) Dat daar heelwat kinders uit Indië na Transvaal gekom het word ook bewys in 'n memorandum wat die Transvaalse Indiërkongres in 1937 voor die onderwyskommissie gelê het. Daarin het hulle onder andere in hierdie verband gesê: "Even making allowance for the fairly large number of children who arrive from India between the ages of 12 to 16" (1)

In 1940 het die Johannesburgse Indiërskool nog 'n standerd III klas gehad waarin spesiale aandag aan Engels gegee is, omdat die kinders uit Indië gekom het en swak was in Engels.

(ii) Die aard van die onderwys in Indië ontvang.

Die leerlinge wat wel onderwys in Indië ontvang het, het dit in die moedertaalskole ontvang. Sommiges het dit daar selfs sover as standerd IV gebring. Die hoofstudie was die moedertaal en hierin is lees, grammatika en die skryfkuns beklemtoon. Gujerati, Urdu, Arabies en Parsee was onder die tale wat verskillende leerlinge bestudeer het.

Rekene is ook deur die moedertaal geneem. In enkele gevalle het die leerplan ook geskiedenis, aardrykskunde en natuurstudie ingesluit. In 'n paar gevalle het leerlinge ook Engels geneem.

Dit is egter duidelik dat die onderwys wat hierdie kinders in Indië ontvang het baie elementêr was en

daarom kon hulle nooit in dieselfde klas in die Transvaalse skole opgeneem word nie. Troueⁿs 'n kind wat in Transvaal in standerd IV is, is reeds vyf jaar op skool, terwyl 'n kind in Indië in hulle standerd IV-klas kan wees as hy in sy vierde jaar op skool is.

(g) Skoolbesoek.

(i) 'n Vergelyking van seuns en meisies.

In hierdie vraag moes die hoofde onderstreep watter van die twee geslagte gereelder die skool besoek. Die antwoorde kan ons soos volg saamvat:

TABEL 134.

Skoolbesoek van seuns en meisies, 1940. (Tvl)				
	Seuns gereelder	Meisies gereelder	Ewe gereeld	Aantal Skole
Indiërskole	4	5	3	12
Gemengde skole	17	5	6	28
Aantal skole	21	10	9	40

Hierdie tabel moet soos volg gelees word: In 4 Indiërskole kom die seuns gereelder skooltoe; in 5 skole is die meisies se skoolbesoek beter en in 3 skole kom hulle ewe gereeld skooltoe.

As ons die totale ondersoek vind ons dat die seuns in 52.5% van die skole gereelder skooltoe kom. Die persentasie vir die meisies is 25%.

Die redes vir die beter skoolbesoek van die een of ander geslag kan soos volg saamgevat word:

(a) Seuns:

Die seuns se skoolbesoek is beter omdat hulle in die toekoms moet help met die onderhoud van hulle ouerhuise en daarom moet hulle die beste onderwys ontvang. Daarom heg die ouers dan ook meer waarde aan die onderwys van die seuns. Die seuns het ook nie huishoudelike pligte wat hulle uit die skool hou nie. Verder is die seuns ook liggaamlik sterker en gesonder as die meisies en bly dus nie maklik uit die skool nie.

Aan die anderkant word die onderwys van die meisies nie as van veel waarde beskou deur die ouers nie. Daarom word hulle maklik uitgehou om werk by die huis te doen, of as iemand siek is. Ook moet die meisies baiekeer help met die verkoop van groente waar hulle ouers groentesmouise is. Meisies bly ook vir die nietigste dingetjies uit die skool, soos byvoorbeeld, hoofpyn, sere, nekseer, keelseer en kindoppas. Veral gedurende die puberteitsjare bly meisies baie uit die skool.

(b) Meisies.

Meisies kom gereelder skool toe veral waar seuns uitgehou word om in winkels te help. Ouer seuns word ook gebruik om boodskappe te doen. In sekere gevalle moet hulle ook aan smousery en die verkoop van blomme deelneem.

Die ekonomiese druk is in baie gevalle van so'n aard dat as die seuns nie vroeg al uit die skool gehaal word nie, dan besoek hulle die skool baie ongereeld, omdat hulle moet help om die hoof tuis bo water te hou.

In baie gevalle waar die skoolbesoek swak is, is dit te wyte aan die ouers wat nie hulle ouerlike gesag toepas nie. Die meeste vind die afwesigheid van verpligte skoolbesoek die hoof oorsaak van die ewel van ongereelde skoolbesoek. Alleen by uitsondering word die skoolbesoek van albei geslagte as goed bestempel.

(ii) 'n Vergelyking van die laer- en hoërklasse.

Hier moes die hoofde onderstreep waar die meeste afwesigheid voorkom: In die laer- of in die hoërklasse. Die antwoorde kan soos volg saamgevat word:

TABEL 135.

Skoolbesoek van laer- en hoërklasse, 1940. (Tvl)

	Laerklasse	Hoërklasse	Ewe veel	Totaal.
Indiërskole	7	2	3	12
Gemengde skole	19	8	3	30
Aantal skole	26	10	6	42

Hierdie tabel toon dat daar 7 Indiërskole is waar

die laerklasse meer afwesigheid toon as die hoërklasse. In 2 skole is die hoërklasse meer afwesig en in 3 skole kom afwesigheid by albei ewe veel voor.

As ons die totale ondersoek vind ons dat die laerklasse in 61.9% van die skole meer afwesigheid toon as die hoërklasse. In 23.8% van die skole is die hoërklasse weer meer afwesig.

Die redes vir die swak skoolbesoek in die laer- of hoërklasse kan soos volg saamgevat word:

(a) Laerklasse.

Die laerklasse se skoolbesoek is swak omdat die kleintjies makliker bloot staan aan siektes en ongunstige weer. Die ouers oefen ook geen kontrole uit oor die kleintjies nie en hulle word in baie gevalle tot so'n mate deur die ouers bederf dat hulle eenvoudig uitbly as hulle nie lus voel om skool toe te gaan nie. Dit is dus hier veral 'n gebrek aan belangstelling in die onderwys by die ouers.

Armoede en 'n gebrek aan warm klere het ook groot invloed in die Winter. Ook neem die ouers die kleintjies saam as hulle êrens heengaan. Die taalmoeilikhed maak die onderwys vir die kleintjies ook baie minder interessant. Sodra hulle Engels verstaan gaan dit beter. In die meeste gevalle het hierdie kinders ook nie 'n besef van die belangrikheid van puntualiteit en gereelde skoolbesoek nie.

(b) Hoërklasse.

Die redes waarom die groter kinders se skoolbesoek swak is, is dieselfde as die in die vorige paragraaf genoem, waar die skoolbesoek van die seuns en die meisies vergelyk is. Die vernaamste is die hulp wat die ouer kinders tuis en in die winkels moet verleen, en wat ^{by} die gebrek aan verpligte skoolbesoek nie verhoed kan word nie.

(h) Skoolverlating.

(i) Skoolverlating en die geslagte.

In afdeling (a) van hierdie paragraaf moes die hoofde antwoord op die vraag of Indiërkinders die skool verlaat voordat hulle die hoogste standaard bereik of voltooi het,

en in afdeling (b) moes hulle meld in watter geval dit die meeste voorkom: Seuns of meisies. Hierdie twee afdelings word in die volgende tabel saamgevat:

TABEL 136.

Skoolverlating en die geslagte, 1940. (Tvl)

	Verlaat kinders dikwels die skool voordat studies voltooi is?		In die geval van watter geslag geskied dit die meeste?		
	Ja	Nee	Seuns	Meisies	Albei
Indiër- skole	12	-	1	11	-
Gemengde skole	22	6	1	21	2
Totaal	34	6	2	32	2

85% van die hoofde bevestig dat Indiërleerlinge wel die skool verlaat voordat hulle die hoogste standerd voltooi het. Net die hoofde van 6 gemengde skole was nie hierdie sienswyse toegedaan nie, alhoewel 4 van hierdie 6 praat van "nie dikwels nie" of "die meerderheid nie". Dit gebeur dus wel ook in hierdie 4 skole.

Hieruit blyk dit dat die neiging om die skool vroeg te verlaat 'n vry algemene neiging by die Indiërs is. Hierdie toestand word nog ernstiger as ons in aanmerking neem die hoë ouderdom van die leerlinge wat vir die eerste keer na die skool kom. Hierdie leerlinge verlaat gou weer die skool. Die meeste leerlinge wat die skool vroeg verlaat, gaan nie verder as standerd III of IV nie en baie verlaat die skool nog vroeër.

As ons die twee geslagte vergelyk dan vind ons dat die meisies in 94.1% van die skole die meeste die skool verlaat. As so'n groot deel van die min meisies wat wel op skool beland, geen aanmerklike voordeel uit die onderwys kan trek nie, dan kan hulle as toekomstige moeders alleen draers van 'n Oosterse kultuur wees.

(ii) Redes waarom die leerlinge vroeg die skool verlaat.

Die verskillende redes vir die vroeë skoolverlating van die leerlinge kan soos volg saamgevat word:

(a) Meisies:

Behalwe in die geval van Christene en gemoderniseerde Hindoes, verlaat die meisies die skool wanneer puberteit intree. Dit geskied wanneer hulle ongeveer 12 jaar oud is. Dit is die gevolg van die godsdienstige gewoontes van die Indiërs. Verder is die Indiërs die sienswyse toegedaan dat die Indiërmeisie in haar latere lewe niks meer as die eerste beginsels van die onderwys nodig het nie.

Vroeë huwelike is ook nie 'n seldsaamheid nie en vir hierdie doel word die meisies ook uit die skool gehaal. Hulle word ook vroeg uitgehaal om huishoudelike pligte na te kom.

Daar is skole waar daar geen meisies bo standaard II is nie.

(b) Seuns.

Arm families is genoodsaak om hulle seuns vroeg uit te haal sodat hulle ook kan werk en so die familie help onderhou. Omdat onderwys nie 'n kwart so goed as besigheid betaal nie, verlaat die seuns die skool vir besigheidsdoeleindes. Hulle gaan gewoonlik eers as klerke in winkels werk. Sommiges verlaat die skool omdat hulle nie kan vorder nie, en andere omdat hulle hul ouers vergesel na Indië. 'n Paar het ook die skool verlaat om hulle studies in Indië voort te sit.

Alhoewel die toestand beter is as in die verlede (daar was byvoorbeeld reeds 35 leerlinge in standaard V in die Johannesburgse Indiërskool), tog is vroeë skoolverlating 'n ernstige saak by die onderwys van Indiërs en hierdie toestand sal ernstig bly solank as wat verpligte onderwys nie ingevoer word nie.

4. SAMEVATTING.

'n Onderzoek van die antwoorde op die vrae in afdelings A en B van die vraelyste wat aan suiwer Indiër- en Gemengde Indiër- en Kleurlingskole gestuur is, openbaar die volgende in verband met die onderwysers en leerlinge:

Indiërs, Kleurlinge en blankes het aan Indiërskole onderwys gegee. Hierdie beleid was noodsaaklik omdat daar nie genoeg Indiëronderwysers beskikbaar was nie. Oor die algemeen was die akademiese en professionele kwalifikasies van die onderwysers besonder laag. Al die blankes was opgelei en hulle het ook die hoogste kwalifikasies besit. 'n Paar Indiërs het ook die O2 en O3 sertifikaat vir blankes besit.

Negentig persent van die onderwysers was reeds tweetalig wat die offisiële tale betref. Die eentaliges was Indiërs en blankes. 'n Onderzoek van die huistaal toon dat 37.5% van die onderwysers Engelssprekend, 26.25% Afrikaanssprekend en 21.25% Tamilsprekend was. Net 9 onderwysers het 'n ander Indiërtaal gepraat.

Die grootste meerderheid van die onderwysers (88.5%) is in Suid-Afrika gebore. Net 7.5% is in Indië gebore. Van diegenes wat in Indië gebore is het net 2 enige kwalifikasies daar verwerf.

Sestien persent van die onderwysers het tydelike aanstellings gehad, en op een na het hulle almal in die grade onderwys gegee.

'n Ontleding van die standers waarvoor die onderwysers verantwoordelik was, toon dat onderwysers met verskillende kwalifikasies in die verskillende klasse onderwys gegee het. So was in 'n paar gevalle onderwysers met standerd VI sertificate verantwoordelik vir standers V en VI. In heelwat gevalle het onderwysers met standerd VI in die grade onderwys gegee. Dieselfde verskynsel vind ons as ons die professionele kwalifikasies en die verantwoordelikhede van die onderwysers ondersoek. Die meeste onopgeleides en onderwysers met swak kwalifikasies het

in die grade onderwys gegee. Die meeste onderwysers het meer as 10 jaar ervaring gehad. Vyftig persent van die onderwysers met minder as een jaar ervaring, was ook weer vir die grade verantwoordelik.

Die aanstelling van onderwysers met swak akademiese en professionele kwalifikasies is soms onvermydelik, maar dit is heeltemal onwenslik dat die grade aan hierdie onderwysers toevertrou sal word. Veral in Indiër-onderwys met sy veelvuldige probleme, is dit absoluut noodsaaklik dat die fondament deur die beste en mees ervare onderwysers gelê moet word. Hiervoor is dit ook nodig dat die aantal leerlinge in die grade klasse heelwat verminder sal word. Veertig leerlinge is definitief te veel vir 'n grade klas.

In Indiër- en gemengde skole was daar altesaam 4772 leerlinge. Daar was egter nog ongeveer 2000 Indiërkinders van skoolgaande ouderdom wat nie op skool was nie. Die Indiërseuns wat wel die skool besoek het was bo die normale ouderdom vir hulle standerds. Die meeste in standerd IV was byvoorbeeld van 13 tot 14 jaar oud, terwyl die gemiddelde ouderdom vir hierdie standerd by blankes 12 jaar is. Indiërseuns in gemengde skole is egter nader aan die gemiddelde ouderdom. Die meeste in standerd IV is hier reeds tussen 12 en 13 jaar oud.

Die meisies in Indiër- en gemengde skole toon ook 'n gemiddelde ouderdom van 13 tot 14 jaar vir standerd IV. Ongeveer die helfte van die meisies in albei die soorte skole was in die grade. Dit blyk egter dat die meisies in gemengde skole 'n bietjie langer op skool bly want 4.9% was hier in standerds V en VI, terwyl in die Indiërskole net 2.6% in standerds V en VI was.

'n Onderzoek van die verspreiding van die leerlinge oor die laerskool toon dat 33% van die seuns en 49.9% van die meisies in die grade was. Aan die ander kant was daar net 3.6% van die seuns en 1.0% van die meisies

in standerd VI. Daar het dus 'n groot aantal onderweg na standerd VI uitgesak. Waar net 16.8% van die leerlinge in standerd IV tot VI is, kan geletterdheid nie aanmerklik bevorder word nie.

Alhoewel die aantal leerlinge wat van middelbare onderwys gebruik gemaak het, nie veel was nie, het hulle tog 'n middelbare skool in Johannesburg regverdig. Die standerd VI-leerlinge van die verskillende skole kan ook daarheen gestuur word. Min Indiërmeisies het egter van middelbare onderwys gebruik gemaak en nie een het die onderwyserskursus gevolg nie. Daar was net 7 Indiërmans in die normaalklasse. Hierdie gegewens toon dat dit nog lank sal neem voordat die Indiërs hulle onderwys van hulle eie opgeleide onderwysers(esse) kan ontvang.

Van die Indiërleerlinge wat die skool besoek het was 48.5% Mohammedane en 39.6% Hindoes. Die Indiër se godsdiens beheer sy hele lewe en het nog altyd groot invloed op die onderwys gehad. So bestaan die Hindoe-godsdiens uit gewoontelike reëls wat die kind se daelikse lewe beheers. Die hoof kenmerke is die kaste-stelsel en die gemeenskaplike familie-stelsel. Alhoewel die Hindoe die Westerse opvoedkundige inrigtings aangeneem het, het dit nooit sy innerlike wese geraak nie. Die beginsels van die Mohammedaanse godsdiens beheers die roetine van sy daelikse lewe. Dit is ook 'n plig by hulle om ongelowiges te bekeer. Omdat hulle volgelinge eers die kerkskole moet besoek, kom hulle eers laat in die gewone skole. Dit is een van die oorsake van die hoë gemiddelde ouderdomme van die leerlinge.

Die oorgrote meerderheid van die leerlinge was Gujerati- en Tamilsprekend. (Gujerati 40% en Tamil 35.2%). Daar word egter baiekeer vyf verskillende Indiërtale deur die leerlinge van dieselfde skool gepraat.

Hierdeur is dit feitlik onmoontlik om moedertaal-
onderwys in te voer.

Ongeveer 7% van die leerlinge ly aan liggaams-
gebreke. Linksheid en spraakgebreke kom die meeste voor.
Aan die ander kant is ongeveer 20% van die leerlinge arm
en baie hiervan is ondervoed. Die syfers toon dat daar
meer as 'n derde van die Indiërleerlinge op die een of
ander wyse gesteur word wat hulle normale vordering op
skool betref. Alhoewel daar 'n aantal skole is wat ^{met} skool-
voeding probeer om die toestand van die armes te lenig,
word daar oor die algemeen maar baie min aan skoolvoeding
gedoen. In die gemengde skool neem die Indiërs byvoor-
beeld glad nie deel aan die skoolvoeding nie.

Sewentien persent van die leerlinge is in Indië
gebore en ongeveer 'n kwart van hulle het 'n mate van
onderwys daar ontvang. Hulle het die moedertaalskole
besoek waar die Indiërtale beklemtoon is. Slegs selde
het hulle Engels geleer. Hierdie onderwys was baie ele-
mentêr en nooit is die leerlinge in dieselfde klas in
Transvaal opgeneem nie.

Die skoolbesoek was oor die algemeen onbevredigend.
In 52.5% van die skole het die seuns gereelder skooltoe
gekom en in 25% van die skole die meisies. Seuns het
gereelder die skool besoek omdat meer waarde aan hulle
onderwys geheg is. Hulle het ook nie huishoudelike
pligte om te verrig nie en is liggaamlik sterker en
gesonder as die meisies. Veral in die puberteitsjare
is die skoolbesoek van die meisies swak.

Meisies kom gereelder skooltoe omdat seuns weens
ekonomiese toestande moet help om die hoof tuis bo
die water te hou. Omdat die skoolbesoek nie verpligtend
is nie is dit onbevredigend.

In 61.9% van die skole het afwesigheid die meeste in die laerklasse voorgekom. In 23.8% van die skole was dit die hoërklasse. Die laerklasse bly baie weg omdat hulle baie makliker blootstaan aan siektes en ongunstige weer. Die ouers stel ook nie genoeg belang om die leerlinge se skoolbesoek te bevorder nie. Die taalmoeilikeheid maak die werk ook oninteressant. Ouer kinders bly veral uit omdat hulle hul ouers moet help.

Vyf-en-tagtig persent van die hoofde het bevestig dat die leerlinge wel die skool verlaat voordat hulle die hoogste standerd voltooi het. Die meeste leerlinge wat die skool vroeg verlaat gaan nie verder as standerd III of IV nie, en baie verlaat die skool nog vroeër. Veral meisies verlaat die skool vroeg volgens die getuie van 94.1% van die skole. Hierdie meisies kan dus as toekomstige moeders alleen draagsters van 'n Oosterse kultuur wees.

Meisies verlaat die skool volgens Indiër gewoonte wanneer puberteit intree. Die opvoeding van die meisie word trouens nie ernstig opgeneem nie. Vroeë huwelike is ook nie 'n seldsaamheid nie. Daar is skole waar daar geen meisies bo standerd II is nie.

Seuns word vroeg uit die skool gehaal om te gaan werk en veral vir besigheidsdoeleindes. Alhoewel die toestand beter is as in die verlede, sal vroeë skoolverlating 'n ernstige probleem bly solank as daar nie verpligte onderwys is nie.
